# KANTAANTEKENINGE BY DIE FORMELE EN MATERIëLE BEGINSELS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE KERKGESKIEDSKRYWING

DIE totstandkoming van ons Kerkhistoriese Werkgemeenskap staan sekerlik in die teken van 'n „geschichtliche Bewusstsein" met betrekking tot die kerkgeskiedenis in ons land. In die geskiedenis van die *ecclesia patria* val dit nie sonder rede met die toenemende pleitredes vir 'n krities (teologiese) beoefening van hierdie vakgebied saam nie.[1] Ons het hier met 'n verdere ontwikkeling, 'n nuwe „epog" (om 'n term van F. C. Baur aan te wend) te make. Opvallend is die feit dat hierdie aandrang in belang van die kerk en sy geskiedenis uitgespreek word, en die akademici dit doen met verwysing na die kerkhistoriografie en beklaenswaardige tendense daarvan.

Hierdie histories gemotiveerde en akademiese self-ondersoek van die kerkgeskiedenis in inderdaad 'n vakkundige vereiste,[2] en kan tot seën van die kerk en sy bediening strek. In hierdie geval is die kind 'n waardige leermeester vir sy vader en moeder. 'n Opgawe, omskrywing en kritiese oriëntering van die neerslae en vertolking van hierdie dissipline[3] kan help om die stand en leemtes aan te dui, en verdere ondersoek te stimuleer. En, aangesien die bestudering van die (kerk)historiografie die problematiek en kenmerkende van die (kerk)geskiedenis en sy beoefening aan die kaak stel en omlyn, dien dit 'n kritiese benadering van die (kerk)geskiedskrywing. So word die (kerk)historikus bewus gemaak om rekening te hou met aspekte, neigings en eienskappe wat die ontwikkeling van die vakgebied aangetoon het en van kardinale belang vir die metodiek en interpretasie daarvan is.

In die lig van hierdie singewing, wil ek by die volgende behoeftes van ons kerkgeskiedskrywing, wat regstelling vereis, kortliks aantekeninge maak:

(1) Die gebrek aan histories-teologiese verantwoording van ons kerkgeskiedskrywing, en wel vanweë,
   a. 'n verwaarlosing van die teologiese inslag en ontwikkeling; en, gepaardgaande,
   b. die gemis aan kritiese onderskeiding van die onderliggende faktore; en

(2) Die noodsaaklikheid van 'n wetenskaplike beoefening van die kerkgeskiedenis as 'n teologiese dissipline.

Hierdie aspekte staan natuurlik nie los, en naas, mekaar nie. Dit is suiwer om sistematiese redes en ter wille van bespreking wat hierdie onderskeiding gemaak word. Voorbeelde wat vir die een onderdeel aangehaal word, sal toeligtend vir die algehele probleem wees. Dit gaan in werklikheid om die kritiese en teologiese aansuiwering van ons kerkgeskiedskrywing, om rekening te hou met,

(1) teologiese kousaliteit en verkragting, en
(2) die teologiese aard en eis van sy vakkundige aanbieding.

Dit is met die grootste agting, waardering en erkentlikheid teenoor vele waardige beoefenaars van ons kerkgeskiedskrywing dat ek hierdie opmerkings wil waag.

## 1. Die gebrek aan histories-teologiese verantwoording van ons kerkgeskiedskrywing

Die onderliggende en bepalende faktore, teologies en andersins, van ons uiteenlopende kerkgeskiedenis word nie na behore histories-krities onderskep, onderskei, en teologies verantwoord nie. Gevolglik klaar ons kerkgeskiedskrywing nie kerklike geskille op nie, en onderhou ons opvattinge wat ander en onsself onder verdenking stel. Hierdie kritiese (self)rekenskap is egter nie sonder 'n problematiek van sy eie nie, en eis 'n besondere begrip.

1.1. *'n Aanduiding van hierdie leemte,* aan die hand van voorbeelde, is nie moeilik nie.

1.1.1. Die besondere kerk en sy geskiedenis word nie krities, na sy teologiese agtergrond en ontplooiing, aansprake en identiteit, onderken en beskrywe nie. Die (kerk)historici dring nie krities, en met onderskeiding, tot die grondliggende ontwikkeling en posisies van die afsonderlike kerke deur nie. Gevolglik word die verskille òf oorbeklemtoon, òf onderskat. In elk geval gaan dit met polemiek en apologetiek, wat in kerkisme opgaan eerder as om kerk-histories te oortuig, gepaard.

1.1.1.1. So is die geskiedskrywing van die Afrikaanse kerke deur onverantwoorde teologiese konnotasie en vermoedens ingeneem.

Prof. T. N. Hanekom het dit dan ook nodig gevind om in sy intreerede op hierdie „verskynsel",[4] met verwysing na die gangbare opvattinge oor die Nederduitse Gereformeerde Kerk", in te gaan. Prof. A. D. Pont betreur eweneens die „kerkistiese *odium theologium*", en die algemene neiging wat die verskille té veel verabsoluteer . . . omdat té veel alleen uit die eie, kerklike hoek geskiedenis beskrywe word". „Hierdie leemte sou oorwin kan word", so gaan hy voort, „indien daar in ons kerkgeskiedskrywing méér en vollediger aandag gegee sal word aan die teologiese en geestesstrominge wat die kerke se aandag besig gehou het én wat nie altyd net tot één kerk beperk was nie".[5] Dit bly 'n vraag of hierdie so belangrike benadering verskille, veral van 'n teologiese aard, sal kan „oorwin". Die onderliggende teologiese veronderstellings wat hierdie beskrywings onderlê, moet egter beslis histories en (self)krities onderskei word. Die meningsverskil in verband met Neo-Calvinisme is 'n pertinente voorbeeld. Die strydskrifte om hierdie rigting het kerklike voorkeure en beklemtoning aangedui,[6] wat op kritiese vraagstelling van die kerkhistorikus wag. In hierdie verband sal hy moet kennis neem van die stamverwante se historiese en teologiese ondersoek,[7] en die moontlikheid van kultuurwysgerige beïnvloeding van hierdie belangrike benadering wat hom steeds Skriftuurlik en teologies wil verantwoord.

1.1.1.2. Met die erns wat die Gereformeerde tradisioneel met teologiese fundering maak, is dit te verstane waarom in hierdie kerke eerste formeel op 'n kritiese en teologiese begrip by die interpretasie

van ons kerkgeskiedenis aangedring word. Maar selfs by tradisies wat minder op formele teologie ingestel is, mag die teologiese inslag en oorweging by die beskrywing van hulle geskiedenis nie agterweë bly nie. Afgesien van teologiese redes, vereis 'n kritiese benadering as sodanig, en sonder meer, sin vir hierdie historiese feitelikheid, nl. die invloed van teologiese vooronderstellings, bewus of onbewus, eie aan elke kerk en sy geskiedenis — veral as dit pertinent ter sprake kom.

Die Anglikaanse verbreiding in Suid-Afrika kan as 'n verdere voorbeeld dien. In sy evaluering van die vaderlandse kerkgeskiedskrywing, gaan prof. C. W. Cook te maklik oor hierdie omstrede geskiedskrywing, wat hy aan „the crucial life of Bishop Colenso" koppel, heen.[8] Dit is seker so dat „no one did more to upset or confuse the streams of ecclesiastical traditions developing in this country".[9] Maar die probleem strek klaarblyklik wyer en dieper. Dit gaan om uiteenlopende standpunute, wat uiteindelik tot onderskeie kerkverbande gevoer het. Die indruk word geskep asof Peter Hinchliff se bydraes in hierdie verband bevredigende afhandeling beteken. Lg. self het inderwaarheid tot 'n optimisties slotsom gekom, as hy beweer, „The differences between this body (Church of England in South Africa) and the Province (The Church of the Province in South Africa) are now almost entirely matters of "churchmanship" and it is pathetic that the schism should continue".[10] Hierdie gevolgtrekking maak hy op grond van sy vereenvoudigde benadering wat die geskil in kerkregtelike terme beskrywe.[11]

As Anthony Ive: *The Church of England in South Africa* in „a study of its history, principles and status" beskrywe, dan wys hy op die kerkregtelike, maar veral teologiese, aspekte van die geskil. Hy vind „less than adequate attention and understanding" by Hinchliff, en is oortuig dat „the situation in South Africa really throws into graphic relief the problem and the conflict at the heart of Anglicanism as it has evolved during the past century and a quarter since the rise of Tractarianism".[12] K. Vos het so pas die geskiedenis van St. John's Parish, Wynberg, in publikasie saamgestel.[13] Hierin kom dit ook duidelik na vore hoe die sogenaamde „Evangelical Church of England parishes in South Africa" hulle self saamgesnoer het „in what they considered the struggle for the life of the Old Protestant and Reformed Church of England in South Africa".[14] Hierdie teologiese aspek, wat die een kerk verwaarloos, en die ander weier om by verby te gaan, word deur beide in kerkregtelike terme gestel veral vanweë 'n onverbloemde kulturele oorweging, nl. die skakeling met die „established Church of England".

1.1.2. Die gebrek aan teologiese en (self)kritiese onderskeiding en bewuste of onbewuste kulturele vooroordeel, hou ons kerkgeskiedskrywing gevange. Aan voorbeelde, veral waar onderlinge verhoudinge ter sprake is, ontbreek dit nie. Ek moet met een volstaan, en verwys na 'n „beweging" wat homself nie kerklik of teologies wou „inperk" nie. Die Metodis, eerw. J. Whiteside[15] publiseer in die eeu-

feesjaar 'n *History of the Wesleyan Methodist Church of South Africa.*[16] As hy die toetrede en appèl van hierdie Engelse bediening verhaal, word die inwoners van die voorposte soos volg geïdentifiseer en omskrywe: „The Dutch, where ever they went, took with them the Bible and their Psalm-Book. They daily gathered the family together for the reading of Scripture and for prayer; but away from the influences of European civilization, without newspaper or literature of any kind, they became ignorant, intolerant, and cruel in their treatment of the native races".[17]

Hierdie onsaaklike bewering gee homself weg. Maar hoe gaan dit kerkhistories op met die feit dat, die Metodisme juis onder hierdie pioniere ('n sosiale groep, waaronder dit in die V.S.A. sy grootste oes ingesamel het) nie ingang sou vind nie; en B. Spoelstra onder hulle die „Doppers", met hulle behoudende Bybelse geloof, terugvind?[18]

1.2. *Verskeie oorsake* vir die verwaarlosing van kritiese ondersoek en onderskeiding van die invloed van teologiese en ander faktore in ons kerkgeskiedenis kom in ag.

1.2.1. Om histories-kerklike en -metodologiese redes is die wetenskaplike beoefening van ons kerkgeskiedenis problematies.

Dit hang saam met die feit dat die meeste kerke vanuit 'n oorsese moederland en sy Christelike beskawing of *corpus christianum,*[19] verplant is, en in die Suid-Afrikaanse geskiedenis en omstandighede moes aanpas en verbrei; dat sovele van hierdie kerke (en genootskappe) nog maar van gister dateer en sommige nog in 'n proses van inheemswording verkeer.

Laat ek met enkele opmerkings en verwysings toelig.

1.2.1.1. In die kerk-historiese bronne is die teologiese inslag en aspek nie sonder meer opvallend nie. In sommige gevalle is dit aan teologiese onverskilligheid te wyte. Maar in 'n samelewing met christelik georiënteerde „eenheidskulture" en tradisies,[20] was dit eerder onbewuste onderliggende teologiese veronderstellings („images") wat hulle laat geld het. Gevolglik moet die (kerk)historikus wat die geskiedenis van 'n besondere kerk interpreteer, aanvoeling en begrip van die teologiese uitgangspunt en beklemtoning van die betrokke tradisie hê ten einde die teologiese aspek in sy geskiedenis op te vang en te peil.

1.2.1.2. Die bronne en neerslae van ons kerkgeskiedenis is na hulle teologiese strekking, kultureel en eensydig gekondisioneer. Kulturele inkleding en oorweging is eie aan ons kerkgeskiedenis. Die probleem is dat in die kerkgeskiedskrywing, die interpretasie na 'n teologies-kulturele geskiedbeeld geskied,[21] en die bronnestudie ook nie rekening hou met die feit van kulturele refleksie nie. Die bronne voorkom nie as sodanig 'n skewe en partydige weerspieëling van die verlede werklikheid nie.[22] Om maar een sy van hierdie probleem uit te lig. Die bronne sny by 'n element van „bevreemding" en ontmoeting, konfrontasie en christianisering, van Afrika en sy mense aan. Laasgenoemde het hulle laat geld sonder om hulle agtergrond, eie aard en optrede, maar veral hulle aanname en reaksie van die Christelike geloof, in geskrewe oorkondes vir die (kerk)historikus na

te laat. Hulle aandeel en invloed, en verwerking en verwerping van die Christelike geloof is in terme van die Europese en/of Suid-Afrikaanse teologiese oorlegginge opgeteken. In hierdie hiaat kan ons swart teoloë en kerkhistorici help om ons kerkgeskiedenis, met hulle begrip, reg te stel — as hulle maar daaraan dink dat dit nie hulle alleenreg is nie, en ons kerkgeskiedskrywing verder in eensydige en verwronge interpretasie van 'n besondere gemeenskap (en ras) laat opgaan nie.

1.2.1.3. Die agterstand van ons vakgebied bemoeilik begripmatige en kritiese self-rekenskap van ons kerkgeskiedenis. Soms hang dit ook saam met die leemtes van die kerkgeskiedskrywing van die moederland. Bv. oor die tipering van die Nederlandse kerk na sy reformatories-gereformeerde *consensus* verskil Nederlandse (kerk)-historici nog steeds met mekaar.[23]

1.2.4. Bo alles, ontbreek dikwels nog die nodige perspektief om die gekompliseerde betrekking en (dikwels omstrede) ontwikkeling van die kerkgeskiedenis vas te stel; om kritiese ondersoek as sodanig moontlik te maak. Die kerkgeskiedskrywing wag egter nie op historiese distansiëring nie. Soos wat die verplanting of sending sy loop neem, en veral tot Suid-Afrikaanse instituering kom, word die verlede saamgevat en aangebied. So kom die afsonderlike kerke tot, wat genoem kan word, kontemporêre historiese tipering van hulleself. Hierdie geskiedskrywing is oorwegend van 'n amptelike of semi-amptelike aard, en staan meestal in die teken van die herdenking van historiese datums. Sodanige motief en verband sluit nie sonder meer kritiese vraagstelling i.v.m. die teologiese oorsaaklikheid van die besondere kerk en sy geskiedenis uit nie. Inteendeel, kerklike binding is, om historiese en teologiese redes, uiters belangrik. In ons kerkgeskiedskrywing het dit egter te dikwels aanleiding gegee dat die (kerk)historikus nie sy historiese ondersoek onbevange deurvoer nie, en kerklike oorwegings en uitgangspunte vooropstel. Gevolglik gaan die beskrywing en ondersoek in kerklike, kontemporêre, oriëntering op. Pertinente voorbeelde kan hierdie strekking en neiging die beste toelig, en die teologiese implikasies aantoon.

1.2.4.1. In 1967 kom die United Congregational Church of Southern Africa tot stand, om in 1970 sy geskiedenis terug te roep en aan te bied.[24]

Hierdie werk implimenteer 'n formele en teologiese regstelling deurdat sendinggeskiedenis as kerkgeskiedenis behandel word.[25] Maar hierdie ontwikkeling van interkerklike of inter-konfessionele en genootskaplike sendinge en verplanting, wat tot vereniging en nou 'n kongregationalistiese kerkformasie gekom het, het 'n hele verlede van teologiese standpunte, oorwegings en bedieninge bymekaar gebring, en is sekerlik ook teologies gemotiveerd. Van hierdie bepalende en kontensieuse aspek kom egter niks tereg nie.[26] Hierdie verwaarlosing van die historiese invloed van teologiese faktore kan sekerlik teruggevoer word na hierdie tradisies se indifferente houding teenoor 'n belydenis-grondslag, en die verontagsaming van teologiese skoling vir die sending (veral gedurende die eerste helfte van die 19e eeu).[27] Dat hierdie sendinge beslis nie sonder teologiese veron-

derstellings en bymotiewe was nie, is deur kerkhistorici vasgestel,[28] behalwe dat dit 'n twispunt in die algemene- en politieke geskiedenis is en nou weer deur die sogenaamde Swart Teologie onderstreep word.

Maar ons het ook hier te doen met 'n algemene en teologiese gevaarlike implikasie, nl. dat die geskiedenis *per se*, en as 'n empiriese relaas, die kerk moet aanbeveel. In hierdie bekendstelling kom iets van die propaganda-doelstelling van die sendingoorsigte terug.[29] In bogenoemde „story" gaan die kontemporêre moment dan ook voorop, nl. die feit dat „The Congregational Church of Southern Africa came into being „with a voice of singing".[30]

Ons het hier, eie aan onkritiese, en veral kerklikgebonde, geskiedskrywing, wat Duvenage noem, „'n groeiende beeld" van die geskiedenis, d.i. „die samespraak tussen die gemeenskap van die hede en die gemeenskap van die verlede, „gepaardgaande met historiese vertolking.[31]

In hierdie „historiese tiperinge" is die (kerk)historikus in sy kerklike geskiedenis en verband vasgevang. Vir die (Protestantse) kerkgeskiedenis hou dit 'n gevaarlike implikasie en prysgawe in, nl. die teologies-kritiese evaluering van die kerk en sy geskiedenis.[32]

1.2.4.2. Volgens die Rooms-Katolieke tradisie is geskiedskrywing in terme van die kerk as instituut te regverdig. Die amptelike kerk(like) geskiedenis van *The Catholic Church in South Africa*[33] is illustrerend. Die oorsig stel die Suid-Afrikaanse verbreiding „from its origin to the present day", en poog om die kerk en sy geskiedenis in Suid-Afrika voorop te laat gaan.[34]

Ten spyte van 'n merkbare mentaliteit eie aan 'n minderheidsgroep, is die strekking steeds om die kerk, d.i. die amptelike Rooms-Katolieke instituut, of „the genius of Catholicism",[35] aan te beveel. In die volgende spekulatiewe opmerking word 'n teologiese verdenking ter wille van eie gewin gestel:

„It is tempting to wonder", so word aangevoer, „how far the history of South Africa might have been different, and whether the approach in these recent years to the critical problem of racial relationships might not have been different, if from the first the Dutch population in South Africa had been a true projection of the population in the Netherlands, with Catholics of at least a third among the Boer farmers, numerous enough to establish a tradition in contrast to that which is in fact so deeply entrenched and which is grounded in Calvinist theology".[36]

1.2.5. Maar ek wil kom tot die gevolgtrekking van 'n Rooms-Katolieke Kerk-historiese studie, wat die gebrek aan histories-theologiese verantwoording aan 'n teologies-kuulturele determinisme wyt. In die werk van O. Niederberger,[37] wat as 'n blyk van toenadering tot die Protestantisme (byname in sendingverband) gesien wil wees,[38] word die sendingopvatting van die Nederduitse Gereformeerde Kerke behandel. 'n Doelbewuste poging word aangewend om met theologiese faktore en -kousaliteit rekening te hou, sowel as om die kerk teologies aan sy geskiedenis te toets. Gevolglik verwerp hy die onsaaklike en teologiese aanklag van T. Huddleston, nl. „that the

tragedy of the present situation in South Africa, can be blamed upon one section of the white population, the Afrikaner, and upon his religion", as 'n valse veronderstelling.[39] In sy beredeneerde benadering,[40] stel hy die betrekking tussen die kerkbegrip en die sendingopvatting van die betrokke kerk voorop, omdat dit so „durch die niederländischen reformatorische Missionsauffassung selber verlangt wird".[41] Die historiese metode word verkies, weer eens, omdat „die Befürworter der niederländischen reformatorische Missionsauffassung dringen selber auf ein solches Vorgehen ..."[42] Die kerklike en algemene situasie en historiese omstandighede in Suid-Afrika word bygehaal,[43] terwyl die samehang („innige Verflechtung") tussen die sending en die rassevraagstuk as brandpunt dien.[44]

Hy kom dan tot die slotsom dat, vanweë die „Auslegung der Geschichte", by name die kerklike verlede, die geskiedenis as sodanig normatiewe waarde verkry. Hy voer hierdie kerklike interpretasie terug na die „calvinistische Determinismus, der eine geschichtlich gewordene Ordnung allzu leicht als gottgewollt ausgibt, der selbst die umgestallende Kraft des Evangeliums untergeordnet wird.[45] Hy voel hom dan genoop om te waarsku, „Die letzte Entscheidung steht nicht der Geschichte zu, sondern dem Wort Gottes".[46]

Hierdie ondersoek is nie metodologies bevredigend en teologies vry van kerklike vooroordeel nie.[47] Maar dit is so belangrik, dat ons kerkgeskiedenis genoop word om daarvan kennis te neem. Op sy gevolgtrekking word voortgebou. So vind dit navolging in 1969 as Gerhard Beckers die *Religiöse Faktoren in der Entwicklung der süd-afrikanischen Rassenfrage*[48] wil opklaar. Insgelyks onderskrywe hy die mening dat die Calvinisme sig vir die opname van, en sanksie aan, *causae secundae*, of „rein natürliche oder weltliche Werte", leen.[49] Die Gereformeerde Kerke en hulle geskiedenis gaan eintlik in die kultuurgeskiedenis en-begrip van die Boere op.[50] Ook sy metode laat veel te wense oor. Hier is dit duidelik 'n poging om teorieë in verband met teologiese beïnvloeding in ons geskiedenis te bewys.[51]

Hierdie gevolgtrekkings oor die interpretasie van ons kerkgeskiedenis sal eers kerkhistories getoets moet word.

1.3. Dit is egter duidelik dat ons kerkgeskiedenis nie 'n uitsondering t.o.v. die algemene gewaarwording van kerkhistorici, wat Philippe Maury soos volg omskrywe, is nie, nl. „that the life of the Church at different moments of history and in different parts of the world is determined not only by its essential nature as the Body of Christ but also by what present eucumenical jargon calls 'non-theological factors' ".[52] Oor „nie-teologiese faktore" sal die menings uiteenloop; en die term is in elk geval misleidend, maar dat die kerk homself nie suiwer en sonder bymotiewe verplant het, en ook nie ongeskonde in die Suid-Afrikaanse verband en ontwikkeling kon handhaaf of oorbegin nie, het kerkhistorici vir ons aangetoon en bewus die kerkhistoriografie in sigself.

Hiermee het ons by die kern van die probleem aangesny. Dit gaan om die histories-teologiese feit dat die Kerk as instituut in die geskiedenis vasgevang word. Die kerkgeskiedenis is met hierdie

dreigende verval van die kerk gemoeid. Daarom kan dit nie anders as teologies van strekking en aard wees nie.

## 2. Die behoefte aan 'n wetenskaplike beoefening van die kerkgeskiedenis as 'n teologiese dissipline

As die vaderlandse kerkgeskiedskrywing dikwels by die teologiese imperatief van die kerkgeskiedenis verbygegaan het, dan het dit ook vele beoefenaars wat dit nie doelbewus gedoen het nie. Die algemene kerkhistoriografie onderstreep die probleem wanneer dit kom tot die deurvoering van die teologiese *principia* van die kerkgeskiedenis.[53] Ons eie kerkgeskiedenis maak dit nie makliker nie, maar eerder moeiliker.

2.1. *Ons kerkgeskiedskrywing is 'n sprekende bewys* van die probleem om die kerkgeskiedenis as 'n teologiese dissipline te beoefen. Die behoefte teken homself aan. Toe 'n poging in die Voortrekkereeufeesjaar aangewend is om 'n „handboek ... van die Christen-liggame wat in Suid-Afrika werk" op te stel, vind die samesteller „'n verbasende godsdienstige mengeling, 'n mosaïek sonder 'n bepaalde ontwerp".[54] Hierdie opvallende probleem-situasie vereis meer as 'n handboek. Dit dring aan op kerk-historiese behandeling.

'n Teologies-histories onverantwoorde aanvaarding van hierdie uiteenlopende „samestelling" van die geïnstitueerde kerke in Suid-Afrika kla ons aan. Ons ontwyk ons eie probleem deur ons besig te hou met die algemene kerkgeskiedenis, om vervolgens die Suid-Afrikaanse ontwikkeling in terme van ons eie kerk en tradisie te verskraal.[55] Hierdie benadering speel in die hand van kerkisme, en is nie na die eis van die kerkgeskiedenis nie.

2.2. 'n Teologies sinvolle interpretasie van ons kerkgeskiedenis is *problematies*. Maar ons moet, soos ons stamgenote sou sê „daar door".

In die nuwe epog in ons kerkgeskiedskrywing kon die geskiedenis van die kerk in ons land dan ook nie by sy eie verlede en probleem verbystuur nie. Vanuit twee tiperende benaderings is met ons problematiese samestelling rekening gehou.

2.2.1. In terme van teologiese verantwoording, lê prof. T. N. Hanekom in 1960 'n formele klag oor die „ongelukkige feit dat die kerkgeskiedskrywing in Suid-Afrika, afgesien van die groot agterstand wat dit moet betreur, nog steeds in die teken staan van 'n strydvraag, nie om die Kerk, as *Kerk van Jesus Christus* in sy aansprake teenoor 'n ongelowige wêreld te handhaaf nie, maar 'n polemiek, waarin die een Kerk die ander sy egtheid, geskiedkundige voorrang, besitreg of selfs bestaansreg in hierdie land wil betwis".[56]

2.2.2. In 1968 wil Peter Hinchliff die uiteenlopende samestelling van ons kerkgeskiedenis oorkom, en publiseer *The Church in South Africa*,[57] „chiefly the result of a putting together of material taken from the work of others".[58] Hy was nie die eerste om 'n historiese samevoeging van ons kerkgeskiedenis te onderneem nie,[59] maar sy werk het die voortgang dat dit korrelasies aandui en die sendinggeskiedenis in die kerkgeskiedenis opgeneem het. Maar om almal wat aanspraak op erkenning as kerk maak, en deel het aan

die algemene geskiedenis van Suid-Afrika, sonder meer omvattend saam te stel, bevredig nie die kerkgeskiedenis nie. Dit kan gevaarlik wees. Hiervoor lewer Jane M. Sales se *Planting of the Churches in South Africa*[60] bewys. Dit voorkom nie die historikus se vooroordele nie, veral as hy nie toegang tot die verteenwoordigende bronne het nie. Haar werk is veral teleurstellend omdat dit die ekumeniese strewe wil vertolk, en hierdie perspektief wil tuisbring.[61]

2.2.3. Die benadering waarin Hanekom voorgaan en dié wat Hinchliff verteenwoordig, stel net weer die variante teologiese siening van ons kerkgeskiedenis. Die een wil formeel en inleidend erns maak met die teologiese principia van die vakkundige beoefening, want „die kerkgeskiedenis, as teologiese vakwetenskap, (ontleen) sy maatstaf . . . nie aan die wêreld van verskynsele nie, maar aan die Heilige Skrif — 'n beginsel wat John Murray in sy bekende rede oor die teologiese wetenskap by die opening van die Kweekskool op 1 November 1859 reeds so sterk benadruk het".[62] Die ander, en die onderskeiding val alweer kultureel uiteen, trek die onderskeiding tussen algemene — en kerkgeskiedenis slegs funksioneel deur. Lg. het 'n „theological function and importance", nl. to calculate a proper critical approach to a study of theology".[63] Hinchliff se Presbyteriaanse opvolger, C. W. Cook, onderskrywe klaarblyklik hierdie benadering.[64] Interessant is die Inleiding wat Pont by sy hersiene uitgawe van sy werk oor die algemene geskiedenis en dié van sy werk oor die algemene geskiedenis en dié van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika laat vooropgaan. Hy noem dit „Iets oor die geskiedenis en die verstaan daarvan".[65] Hierin sluit hy by die resente pogings aan om 'n teologie van die kerkgeskiedenis daar te stel, en verantwoord hom dan Skriftuurlik binne die raamwerk van sy kerk se belydenis.

Die een benadering gaan uit van die feit dat „there is no 'objective science' "[66] en hiermee word, oor kulturele identiteite heen, bevestig dat „een wetenschappelijke beoefening der historie, die niet van een principieel standpunt uitgaat, niet bestaat en niet mogelijk is".[67] Ja, „minder dan ergens anders komen we hier zonder normen klaar".[68] Daarom moet die uitgangspunt en beginsels van interpretasie vooropgestel word.

Die ander benadering wil die geskiedenis self laat voorgaan, selfs al word dit hulle voorgehou dat „History has no norm in itself". In hierdie beoefening wil hul die moontlikheid van 'n ongebonde en kritiese ondersoek verskans.

As dit so is dat die kerkgeskiedenis in diens van „die Kerk van Christus . . . in haar worsteling, om tot zuivere institueering te geraken"[69] staan, dan is teologiese oriëntering met hierdie taak en voorwerp onvermydelik. Dan is die kerkhistorikus ook teologiese, en in 'n amp,[70] betrek. Dan sal hy hom moet bekendstel. Daarmee is 'n kritiese benadering nie prysgegee nie, maar eerder ingestel. So laat Berkhof hom in sy eerste uitgawe hieroor uit: „De lezer zal spoedig merken dat de schrijver protestants, calvinistisch, Ned. Hervormd is. Hij vind het beter, er eerlijk voor uit te komen. Hij vraagt niet zijn lezers, dat ze het met zijn beoordeling eens zullen zijn. Hij

hoopt wel, dat ze door zijn beoordeling geprikkeld worden om, hetzij met hem, hetzij tegen hem, zelf mee te gaan oordelen van de bijbelse norm uit. Dan komen ze in de enig juiste houding tegenover het verleden van Christus kerk".[71]

Dat die Kerkhistoriese Werkgemeenskap hom reeds by sy tweede vergadering met die begrip en taak van die kerkgeskiedenis besig gehou het, getuig van 'n behoefte in ons kerkgeskiedenis om hieroor duidelikheid te kry.

3. Maar ek wil hiermee volstaan, en die hoop uitspreek dat hierdie werkgemeenskap ook die Vaderlandse kerkgeskiedskrywing *per se* in behandeling sal neem. Dat dit behoefte aan histories-teologies regstelling het, is duidelik. Op ons rus die taak om die werk van ons voorgangers verder te voer, ter wille van Christus en sy Kerk, en die *ecclesia patria.*

Prof. E. Brown, Stellenbosch.

*(Gelewer voor die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van S.A.)*

---

1 Cf. bv. F. A. van Jaarsveld: *Apologetiek en Objektiwiteit in ons Kerkgeskiedskrywing,* s.p., s.d.; T. N. Hanekom: *Ons Vaderlandse Kerkgeskiedskrywing, met verwysing na die gangbare opvattinge oor die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Rede uitgespreek by die aanvaarding van die amp hoogleraar in die kerkhistoriese vakke aan die Teologiese Seminarium, Stellenbosch, op Woensdag 30 Maart 1960, s.p.; A. D. Pont: „Die Geskiedenis van die Afrikaanse kerke in die Suid-Afrikaanse Historiografie" in *Aspekte van die Suid-Afrikaanse Historiografie,* G. Cronje (red.), Pretoria, 1967, pp. 40—57; G. D. J. Duvenage: „Die Hervertolking van die Transvaalse Kerkgeskiedenis in die Negentiende Eeu" in *Almanak en Bybelse Dagboek,* Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 1972, pp. 25—31; en die voordrag van C. W. Cook by die eerste vergadering van die Kerkhistoriese Werkgemeenskap, „The Writing of South African Church History: our Appraisal of the English-speaking Traditions" in *South African Historical Journal,* no. 2, Nov. 1970, pp. 107—116.

2 Soos wat die algemene vaderlandse geskiedenis in voorgegaan het, bv. in 1960 het F. A. van Jaarsveld die *Ou en Nuwe Weë in die Suid-Afrikaanse Geskiedskrywing* (Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, A 16, Pretoria) in sy intreerede nagegaan; 'n reeks opstelle oor hierdie gebied aangebied (saamgevat in *Lewende Verlede,* s.p., Afrikaanse Pers, 1961); en in samewerking met Theo van Wijk, C. F. J. Muller en G. D. Scholtz: *Die Hervertolking van ons Geskiedenis* (Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, B.19, 1963) bepleit.

3 'n Publikasie is in voorbereiding.

4. Op. cit., p. 4.

5 Op. cit., pp. 41, 42.

6 Cf. bv. die pamflette van J. V. Coetzee: *Neo-Calvinisme-verbastering of regte ontwikkeling?* Potchefstroom, s.d.; S. P. Engelbrecht: *Neo-Calvinisme: ontwikkeling of afwyking.* Pretoria—Kaapstad, 1945.

7 Cf. A. D. R. Polman: „Neo-Calvinisme" in *Christelijke Encyclopedie.* Kampen, 1960, V, pp. 184—185. Die vraag of die huidige vertolking, veral kerklik,

vry is van kultuurwysgerige oorwegings eie aan ons tyd, sal ook uitgemaak moet word.

8 Op. cit., p. 111.

9 Op. cit., p. 111, cf. ook bv. P. O. G. White: „The Colenso Controversy" in *Theology*, 65 (508), 1962, pp. 402—408; Peter B. Hinchliff: „John William Colenso, a fresh appraisal" in *Journal of Ecclesiastical History*, 13 (2), 1962, pp. 203—216; ... : „Comment on P. O. G. White: „The Colenso Controversy" in *Theology*, 66 (511), pp. 21—22; Edgar H. Brookes: „Comment on P. O. G. White: „The Colenso Controversy" in *Theology*, 66 (511), 1963, pp. 19—21; P. O. G. White: „Reply to the comments of E. H. Brookes and Peter Hinchliff" in *Theology*, 66 (512), p. 73.

10 *The Anglican Church in South Africa*, London, 1963, p. 225.

11 *Vide* sy voorafgaande redevoering, Ibid., p. 225.

12 Kaapstad, 1966, p. 105. Sy eie poging om hierdie teologiese aspek na vore te bring (cf. pp. 5, 6, 34, 48, 49, ens.) is ingelyks nie oortuigend nie omdat dit aan historiese en kritiese, en veral self-kritiese, ondersoek mank gaan (cf. veral sy eensydige behandeling van Colenso se standpunt en optrede, pp. 17 ff.).

13 *The Church on the Hill, St. John's Parish, Wynberg*, Capetown, 1972. Hierdie gemeente het, met sekere voorbehoude, by die CPSA ingeskakel.

14 Ibid., p. 88.

15 Hy het ook die algemene vaderlandse geskiedenis vertolk, en *A New School History of South Africa* (London, 1897) aangebied.

16 London.

17 Ibid., pp. 34—35.

18 *Die „Doppers" in Suid-Afrika, 1760—1899*. Johannesburg, 1960; *vide* veral pp. 1—84.

19 Vir 'n histories-teologiese verantwoorde oriëntering van hierdie begrip van E. Troeltsch, om diens te doen as 'n materiële beginsel van interpretasie, *vide*, J. van den Berg: *Constrained by Jesus Love*. Kampen, 1956, pp. 12 ff., 211 ff.

20 *Vide* T. N. Hanekom: *Kerk en Volk* (Kaapstad, s.d.) vir die term (pp. 97 ff.), en die omskrywing m.b.t. die Afrikaanse tradisie *passim*.

21 In 'n oorsig en bespreking van die vaderlandse historiagrafie, gaan Van Jaarsveld dan ook van 'n kulturele verdeling uit, *vide Ou en Nuwe Weë* ..., op. cit., *passim*.

22 Vir 'n omskrywing van hierdie begrippe, *vide* Van Jaarsveld: *Lewende Verlede*, op. cit., p. 75.

23 *Vide* L. Praamsma: *Abraham Kuyper als Kerkhistoricus*. Kampen, 1945, pp. 65—72. Dit is jammer dat, in teenstelling met die Engelse, en ook sommige ander buitelandse verplantings, Nederlandse teoloë navorsing oor ons verwantskap aan Suid-Afrikaners oorlaat. So pas het I. H. Enklaar: *De Levensgeschiedenis van Johannes Theodorus van der Kemp ... tot zijn aankomst aan de Kaap in 1799* (Wageningen, 1972) aangebied. Die tweede band sal dan 'n verblydende uitsondering op hierdie gemis wees. Ten spyte van die sterk Europese „geschichtliche Bewusztsein" (wat veral vanaf die 18e eeu) Nederland kerk-histories tot ontwaking laat kom, word die Hollandse kerk en sy geskiedenis verbygegaan. B. ter Haar, W. Moll, e.a. in: *Geschiedenis der Christelike Kerk in Nederland in Tafereelen* (Amsterdam, 1864—1869) het 'n hoofstuk oor „Het Christendom in onze

kolonien en onze Overzeesche Bezittingen", maar bykans niks oor Suid-Afrika nie. Met die publikasie van boustowwe deur die Nederlander en Suid-Afrikaner, C. Spoelstra, word die moederland aan haar verbreiding herinner *(vide* die opmerking van L. Knappert: *Geschiedenis der Ned. Herv. Kerk gedurende die 16e—17e eeuw.* Amsterdam, 1911, II, p. 266). Selfs vandag nog, nieteenstaande die aanwins van die genetiese insig in die kerkgeskiedenis, verwaarloos die Nederlandse kerkhistorici hierdie „tiperende" verbreiding om ons agtergrond en hulle ontwikkeling beter te verstaan.

24 D. Roy Briggs en Joseph Wing: *The Harvest and the Hope, the story of Congregationalism in Southern Africa.* Johannesburg.

25 Cf. in hierdie verband die uitnemende artikel van S. C. Neill: „The History of Missions: an academic discipline" in: *The Mission of the Church and the Propagation of the Faith,* G. J. Cunning (red.). Cambridge, 1970, pp. 149—170.

26 Bv. die bespreking van die LMS se sendingbeleid en die betrokke persoonlikhede, pp. 13 ff., 31 ff.

27 *Vide* Peter Hinchliff: „The Selection and Training of Missionaries in the early nineteenth century" in Cunning (red.): op. cit., pp. 131—135.

28 Cf. bv. die baie belangrike werk van J. van den Berg: op. cit., wat nie geraadpleeg is nie. Hierin word aangedui hoedat menslike motiewe met die goddelike ineengeloop het, *vide* pp. 166 ff., en veral pp. 210 ff.

29 Cf. Cook: op. cit., p. 110.

30 Briggs en Wing: op. cit., p. 9.

31 Op. cit., p. 25. Terwyl hierdie probleem nie algeheel voorkom kan word nie, sou dit goed gewees het as Duvenage ook daarop gewys het dat dit tog enigermate deur die dissipline van die teologie en wetenskap getemper kan en moet word.

32 *Vide* H. Berkhof: *Geschiedenis der Kerk.* Nijkerk, 1955[6], p. 8.

33 W. E. Brown, met M. Derrick as redakteur. London, 1960. Die werk, wat enigsins vertraag is deur die siekte en dood van die outeur, verskyn ook in opvolging van die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse hierargie in 1951.

34 *Vide* die aanvangsin van die „Prologue", p. 1 en pp. 1—7.

35 Ibid., p. 182.

36 Ibid., pp. 5—6. Interessant is die resente geskiedenis van die Duitse Benediktynse Orde van St. Ottilien *(Der Fünfarmige Leuchter.* Ottilien, 1971, 2 bde.), wat ook die geskiedenis van hierdie orde se sendingwerk in Zoeloeland aanbied, en dit dan begelei met 'n oorsig van die (ander) „Christliche Kirchen in Zululand" (pp. 301—348; 349—366). Hierdie gesindheid val saam met die gees van hierdie Orde, maar dit is ook 'n moderne Rooms-Katolieke toegewing — sonder teologiese oriëntering.

37 *Kirche-Mission-Rasse.* Schöneck-Beckenried, 1959.

38 Ibid., p. v.

39 Ibid., p. 9.

40 Ibid., pp. 4 ff.

41 Ibid., p. 4.

42 Ibid., p. 4.

43 Ibid., soos op pp. vi, 74.

44 Ibid., pp. 9 ff.

45 Ibid., p. 383.

46 Ibid., p. 383.

47 By die afhandeling van sy onderwerp blyk dit dat die teologiese oorsaaklikheid tog nie kerk-histories ondersoek is nie. Die Calvinistiese kerkbegrip word voorop sistematies, en, ten spyte van die opskrif, sonder historiese fundering en onderskeiding m.b.t. die Nederduitse Gereformeerde Kerke in besonder gestel nie. Dit bly 'n ope vraag hoe hierdie begrip in die historiese ontwikkeling van hierdie Calvinistiese kerk en sy geskiedenis gestalte aangeneem het. Dat die ekklesiologie 'n uiters belangrike verband met die sendingopvatting van hierdie kerk hou, lei geen twyfel nie. Of dit om historiese redes bepalend was, word nie uit die bronne bewys nie. By die Rooms-Katolieke benadering staan dit wel voorop. By die Calvinistiese tradisie, waar die Woord-verkondiging primêr is, sou hierdie benadering reeds 'n klemverskuiwing en deformasie beteken. Historiese bewysvoering moes dit dan aangedui het. Verder is dit opvallend dat in die historiese onderdele, wat telkens gesistematiseer word, en veral in die samevattings, die formeel vooropgestelde begrip eintlik teruggelees word (cf. bv. pp. 100, 174). Die sendingaksie in sy historiese ontwikkeling en beredenering, en ook die buitelandse sending oriëntering, wat in aanmerking geneem moes gewees het, verloor verband in die uiteensetting (dit sou goed gewees het as hy in hierdie opsig B. J. Marais se oorsig onder die tema „Die Kruis onder die Suiderkruis" in *Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk*, T. N. Hanekom (red.). Kaapstad, 1952, pp. 304—383, sou geraadpleeg het). Gevolglik gaan sy ondersoek aan historiese substansiëring en onderskeiding mank, om die gevaar van veralgemening te loop. Om maar een voorbeeld te noem. Hy konkludeer, nadat 'n onderdeel histories afgehandel is, dat vir hierdie kerk „ist das 20. Jahrhundert nicht das Jahrhundert der Oekumene, sondern das Jahrhundert der Trennung, ob man diese nun Segragation oder Apartheid oder getrennte Entwicklung nennen will" (p. 178). Eintlik staan die Calvinisme, sonder om dit pertinent te sê, in sy verwysings en terloopse opmerking onder Roomse verdenking, (cf. bv. die sogenaamde „relatiewe beregtiging" wat hy in verbygaan daaraan toesê, p. 381).

48 München. *Vide* bv. pp. 26, 31, 64, 66, 72, 90, 93—8, 100 ens.

49 Niederberger: op. cit., p. 40 aangehaal deur Beckers: op. cit., p. 90.

50 Beckers: op. cit., pp. 69 ff.

51 Hy stel hierdie teorieë self in sy inleiding, nl. die van: Enerich Francis: *Ethnos und Demos, soziologische Beiträge zur Volkstheorie* (Berlin, 1965), i.v.m. rasse-ontmoeting en -verhoudinge; Max Weber: *Gesammelte Aufsätze zur Religions-soziologie* (Tübingen, 1920, I., pp. 17—236), t.o.v. die Calvinistiese tradisie en sosiale ontwikkeling; en Tannenbaum: *Slave and Citizen, the Negro in the Americas* (New York, 1947), oor sosiale disposisies.

52 „What is the Value of Church History?" in *History's Lessons for Tomorrow's Mission*. World's Student Christian Federation. Geneva, s.d., pp. 5—16, p. 9.

53 *Vide* bv. Walter Nigg: *Die Kirchengeschichtsschreibung, Grundzüge ihrer historischen Entwicklung*. München, 1934, veral pp. 245—257; en Peter Meinhold: *Geschichte der kirchen Historiographie*. Freiburg-München, 1967, pp. 12—15.

54 Die Christenraad van Suid-Afrika, *Die Suid-Afrikaanse Kristen-Handboek.* Lovedale, (1938), p. 3.

55 Bv. die ander kerke en tradisies in Suid-Afrika word net as deel van ons eie agtergrond in berekening gebring (bv. S. du Toit: *Handleiding vir die Studie van die Kerkgeskiedenis.* Potchefstroom, 1963[6]; A. D. Pont: *'n Oorsig van die Algemene Kerkgeskiedenis en die Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Pretoria (1970[2]); en miskien (statisties) aangeteken (bv. Gereformeerde Kerk in S.A., *Geskiedenis van die Christelike Kerk vir gebruik in katkisasies.* Potchefstroom, s.d., pp. 130—3, 152—3; D. M. Kriel en G. B. A. Gerdener: *Kerkgeskiedenis vir ons volk.* Kaapstad, 1924, p. 181), om kerk-histories eintlik by hulle verby te gaan.

56 *Ons Vaderlandse Kerkgeskiedskrywing.* op. cit., p. 1.

57 In die reeks „Church History Outlines", London.

58 Ibid., p. xi.

59 Reeds in 1911 het J. du Plessis: *A History of Christian Missions* (London) gepubliseer. Dit het aangesluit by die eenheidsbeweging in die sending en die Suid-Afrikaanse algemene geskiedenis en unie-wording (p. vii). O.i. die begin van kerkgeskiedenis met 'n bewuste Suid-Afrikaanse uitgangspunt. G. B. A. Gerdener sou dit opvolg met sy *Recent Developments in the South African Mission Field* (Cape Town—Pretoria, 1958).

60 Grand Rapids (1971).

61 Vir 'n bespreking van die ekumeniese perspektief, met inagneming van die teologiese voorvereistes, *vide* bv. J. Cambou: *Was ist Kirchengeschichte? Maszstäbe und Einsichten.* Göttingen, 1957; Philippe Maury: op. cit.; Ernest Benz: *Kirchengeschichte in ökumenischer Sicht.* Leiden—Köln, 1961; Peter Meinhold: „Kirchengeschichte in ökumenischer Sicht" in *Freiheit in der Begegnung, Zwischenbilanz des ökumenischen Dialogs,* Jean-Louis Leuba u.H. Stirnimann (reds.). Frankfurt a/M—Stuttgart, 1969. Teleurstellend is die veranderde en verkorte woord vooraf, „De Kerk en haar Geskiedenis", by die hersiene druk van H. Berkhoff se bekende *Geschiedenis der Kerk* (Nijkerk, 1967), met Otto J. de Jong as medewerker. Teologiese omskrywing word klaarblyklik ingekort t.w.v. die pertinente ekumeniese strewe.

62 Op. cit., p. 4.

63 P. B. Hinchliff: *Ecclesiastical History, its nature and purpose.* Rhodes University, 1960, p. 3.

64 Op. cit., p. 111.

65 Pont: *Algemene Kerkgeskiedenis,* op. cit., pp. 1—8.

66 G. A. Buttrick: *Christ and History.* New York (1963), p. 31.

67 H. H. Kuyper: *Het Gereformeerde Beginsel en de Kerkgeskiedenis.* Leiden, 1900, p. 17.

68 Berkhof: *Geschiedenis der Kerk,* 1966[6], p. 8.

69 A. Kuyper: *Encyclopaedie der Heilige Godsgeleerdheid.* Kampen, 1909, 3 bde., III., p. 270.

70 Soos wat Hanekom: op. cit., dit in sy titel opneem.

71 Berkhof: op. cit., p. 12.